Aasvoëlkop 28 Aug. 1960.

# 'n Godverheerlikende Gawe

Teks: 2 Kor. 8 : 3 en 5

Ps. 33: 1,11 – Ges. 60 : 2, 4 – Ges. 62: 3, 6.

Ps. 33: 1, 11 **Godverheerlikende Gawes.** | a.lkp 28 Aug. '60

2 Kor. 8: 1-15.

2 Kor. 8: 3 en 5 – Want hulle was na vermoë – ek betuig dit – ja, bo vermoë gewillig, en het nie alleen gedoen soos ons verwag het nie, maar het hulself eers aan die Here gegee, en toe aan ons deur die wil van God.

Ek wil u waarsku: dit sal gerieflikker wees om 2 Kor. 8 en 9 oor te slaan as u hd. brief lees. Want die inhoud van hd. 2 hoofstukke versteur die selfdie tevredenheid van die Christen, dit ~~steek~~ druk aan ons gewete en dit dwing ons om ons begroting van inkomste en uitgawe soms drasties te hersien. Daarom slaan party Christene hierdie – en dergelike – gedeeltes – hoofstukke oor, omdat God hier ons hele boekhou-ding onder hande neem.

Mr. ons wil nie by God probeer opstap nie – ons wil leer om God in alles te gehoorsaam – ook in ons gawes. Dis presies wat Paulus aan d. bevoorregte gemeente van Kor. wou leer. Die kerkleiers in Jerusalem het sy apostelskap a. d. heidene erken – en hy, Paulus, het op sy beurt dit as 'n groot voorreg en gekentheid gesien om bydraes in te samel vir die gemeente in Jerusalem wat nie groot armoede verkeer het. Aan d. gemeente in Korinthe het hy reeds meer as 'n jaar gelede gevra om 'n dankoffer vir die doel, maar as gevolg van allerlei ongegronde suspisie teen Paulus se persoon en optrede is dit hertraag. Noudat d. vertroue herstel is, bring Paulus weer die saak na vore en gebruik die besielende voorbeeld van d. arm gemeentes van Macedonië wat genade ontvang het om groot en gaw te gee

I <u>Die besondere van hulle gawe</u>: Wat was daar in die gawe van hierdie gemeentes wat dit verhef het tot 'n besielende voorbeeld vir die Kerk van alle eeue?

1. <u>Hulle gawe was bo vermoë</u>: Ten spyte van diepe armoede (of moet ons sê: ellende van armoede?), en ten spyte v. swaar geloofsvervolging (vers 2) het hulle nie net in verhouding met hulle inkomste gegee nie, nee, ver bo daardie verhouding! Geldelik was die bedrag seker nie groot maar na verhouding met hulle inkomste (soos by d. arm weduwee in die tempel) was dit iets besonders!

2. <u>Hulle gawe was uit eie beweging</u>: Volkome vrywillig, sonder pressie of dwang of gesukkel, spontaan het dit gekom! Hulle het nie gevra om gevra te word om te gee nie – hulle het gevra om vergun te word om te skenk!

3. <u>Hulle gawe was baie meer as kollekte</u>: Die woord „kollekte" word hier gladnie gebruik nie omdat die arm Xtene dit in 'n ander lig sien en hulle dus ook 'n ander woord daarvoor gebruik: „gawe", en „hulle deel in die diensbetoning". Dit bly dieselfde bedrag, maar dit verkry 'n ander inhoud! Dan verdwyn d. klinkende klank v. geld en hoor ons 'n ~~ander~~ nuwe geluid: <u>'n gawe aan God</u>!

4. <u>Hulle geld-gawe word voorafgegaan deur 'n ander gawe</u>: hul. „<u>het hulself eers aan die Here gegee</u>". Wat sluit dit in? Dit – dat hulle eers hulle <u>hart en siel</u> aan God gegee het en saam daarmee <u>hulle persoonlike diens aan Gods Koninkryk</u> aangebied het – soos die lang lys van name getuig van manne en vroue wat uit d. gemeentes van Filippi, Thessalonika & Berea gekom het! <u>Dit was die geheim!</u>



→ U gawes: hoe vaar dit hiermee? Gee ons al na vermoë – om nie eers van bo vermoë te praat nie? Daardie ekstra motorkar, daardie oorsese reis, daardie spoghuis, daardie oorspr. skildery: is u seker dat 'n groot deel van d.d. bedrag nie aan God behoort nie? U Hom daarvan beroof? – Gee u spontaan, graag? Is dit vir u 'n gawe uit ~~dank~~ plesier of 'n ~~kolle~~ bydrae uit plig? Lê daar agter u gawe die warme liefde, 'n hartlike diens? Of alles 'n koue, kille berekening van £.s.d.?

II <u>Die Motief by ~~die~~ hulle Gawe</u>: Kom ons plaas die gawe onder die mikroskoop van Gods alsiende oog: Wat bring ons hier – hoekom het die Maced. gemeentes gegee?

1. <u>Omdat die nood van die Koninkryk dit geëis het</u>: In dié geval was mede-gelowiges in diepe armoede en in dd. nood v. hulle naaste het hulle d. behoefte v.d. Koninkryk ontdek! Behoeftes van Kerke en gemeentes verskil van ~~tyd tot~~ tyd en van plek tot plek, van Kerk tot Kerk – maar waar die kind van God geroepe word om te gee is oral daar waar die behoefte van Gods Koninkryk dit vra. Maar dan moeite doen om te ons. te vra: <u>Waar</u>?

2. <u>Omdat hulle Xtel. lewe daardeur volmaak sou word</u>: Paulus noem hulle oorvloed in geloof, in woord, in kennis, in ywer, in liefde (vs 7) en pleit nou om 'n oorvloed in hulle gawes – nie ter wille van homself nie, nee, ter wille van hulle

3. Omdat dit die wil van God vir die gemeente was (vs. 5): Die gemeentes in Macedonië het eers seker gemaak: is hierdie saak Gods wil vir ons? Is dit sy opdrag? En omdat hulle daarvan oortuig was, daarom kon hulle so heelhartig gee!

4. Omdat Xtus Homself vir hulle gegee het: Dit was die diepste grond: Omdat Xtus d. heerlikheid v.d. Vader bybeletiglik prysgegee het en alles geoffer het om ons ryk te maak!

→ Daar hang so ontsettend baie af van die motiewe waarmee ons gee: as die motief reg is, kom die maatstaf en die metode reg!

As ons Kerkbou vir ons d. eindpunt is van ons game ifv. die begin, as ons nie bereid is om net sowel en nog meer in d. teekens tegee vir geestelike bouwerk (evangelisasie, sending, jeug, armesorg ens.) dan beter dat ons nie bou!

III Die terug op hulle game: Kan dit net opsom:

1. Ander gemeentes is beskaam: Die arm Macedonië het d. ryk Korinthe beskaam – en hulle laat ontwaak tot hulle roeping!

2. Ander Xtene is bemoedig: Wat moes dit nie beteken het vir die Xtene vir Jerusalem dat mense bekeerlinge uit d heidendom uit hulle diepe gebrek sowel gegee het! Bande v. geloof en liefde gebind!

3. Hulle eie geest. lewe is verryk: Uit d. geest. omarm v.d. Jerus. Xtene (vs. 14) ontvang die gemeente in Korinthe nou 'n pragtige posisie en word hulle geestelike lewe onberekenbaar verryk!